Laerskool La Hoff

# Bits & Brokkies

2018 - Kwartaal 3



## Lente, Erfenisdag en entrepreneurs

Dis LEKKER in Hoffieland!

## Leerlingraad 2019


## Tennis Super 8 WENNERS

Hoffies doen dit weer!

# Pasop mnr Einstein!

## Hier kom die Hoffie Wetenskaplikes

Hierdie insiggewende Hoffies het deurgedring na die Matlosana Ekspo op 4 Augustus te Klerksdorp Primary. Leerders is die geleentheid gegun om 'n sekere eksperiment te doen waar hulle die verskillende uitkomste daarvan toets of navors.




















# Pasop mnr Einstein!
## Hier kom die Hoffie Wetenskaplikes

Hoffies wen die trofee vir die BESTE LAERSKOOL by die jaarlikse Eskom Science-Expo for Young Scientists. Nico en Zoë is aangewys as die **beste laerskool seun en dogter** by die Ekspo.

Baie geluk aan elke leerder wat uitstekend presteer het! Julle maak ons trots!

**Voor:** Hanu (silwer), Mienke (goud), Nico, (silwer), Mia (goud), juffrou Brenda (koördineerder)
**Agter:** Anne (silwer), Kamea (silwer), Zoë (goud), Danielle (goud), Thelanne (goud).





Hierdie oulike Gr2-groep het ons meer vertel van oulike disse, deur 'n resep te deel met hulle klasmaats, as deel van hulle Engelse toesprake.






"Mmmm... yum, yum!"



Mooi handkuns met koue en warm kleure

# TOP 20 Akademie
## Einde Kwartaal 2





### Gr4 - Top 10

1. Dané
2. Helene
3. Carli
4. Dundré
5. Ashton
6. Mianke
7. Ilse
8. Minke
9. Judilie
10. Jazmijn

### Gr4 - Top 20

11. Colyn
12. Mia D
13. Ruagh
14. Rouxlé
15. MG
16. Marisa
17. Ruben, Pierre
18. Mia E
19. Henré






### Gr5 - Top 10

1. Inus
2. Divan
3. Duan
4. Jeandré
5. Sonell, Mia
7. Anke
8. Mienke
9. Michael
10. Jo-Mari

### Gr5 - Top 20

11. Suhandri
12. Tarien
13. Kaylie
14. Linelle
15. Monique
16. Karloné
17. PC
18. Martin, Gracelle
19. Demetri (afwesig)

# TOP 20 Akademie

## Einde Kwartaal 2





## Gr6 - Top 10

1. Carmi
2. Daniélle
3. Anré
4. Stephan
5. Zonia
6. Milindi
7. Dihan
8. Auret
9. Ruan
10. Kamea

## Gr6 - Top 20

11. Chloë
12. Rumé
13. Jaydon
14. Thelanne
15. Micaela
16. Kiki
17. Janie
18. Deadré, Hugo, Megan





## Gr7 - Top 10

1. Cornelia
2. Abigail
3. Kara
4. Rachélle
5. Bernu
6. Chané
7. Geo
8. Danelle
9. Barend
10. Deon

## Gr7 - Top 20

11. Esté
12. Zoë
13. De 'Niel
14. Michaela
15. Metigé
16. Chevanté
17. Evan
18. Adriaan
19. Heinroux
20. Wynand

# Trotse HOOFLEIERS 2018



Dis 'n groot eer om verkies te word as hoofleiers, maar net so besonders is die oomlik wanneer jy vir die eerste keer jou spoggerige baadjie en balkie mag aantrek. Weereens baie geluk aan Deon en De 'Niel wat as hoofseun en -dogter verkies is, asook Abigail en Geo wat as onder-hoofdogter en -seun verkies is vir die 2018 termyn.



Baie dankie aan ons vorige hoofleiers - Lenro, David, Carla en Marjoné wat die leisels kom oorgee het.









# Leerlingraad 2019

Baie geluk aan die nuwe leerlingraad wat gekies is!

*Voor*: Daniélle, Megan, Gerlu, Chad, Decon, Kiki, Thelanne
*Middel*: Ruan, Karla, Zonia, Rilanka, Duan, Anre, Wessel, Christopher
*Agter*: Dihan, Stephan, Kiara, Carmi, Hugo, Hanno, Alexis, Milindi

*Afwesig:* Lenike



Huidige leerlingraad verwelkom nuwe leerlingraad



# Lenteloop

Van bytjies tot seerowers en NOG VELE MEER - hierdie Hoffies weet hoe om pret te hê. Met die begin van lente hou ons groot partytjie met 'n Lenteloop om die skool. Leerders het tot 10km gestap met groot gejuig en gedans. Daarna het die leerders lekker piekniek gehou, om bietjie die bene te rus! Die Lenteloop vorm deel van ons jaarlikse fondsinsameling.



# Lenteloop
# WENNERS

Baie geluk aan die volgende klasse en leerders wat so oulik was met die LENTELOOP!

## Beste Gees







## Meeste Ingesamel







## Beste geklee




## Meeste Ingesamel



# seniorfase Markdag

Oral waar jy kyk, sien jy net Hoffies wat lag en speel - Markdae beloof om altyd pret te wees.

Dankie aan al die uitstallers met julle oulike idees en inisiatief. DIT WAS LEKKER!






# Gr7 Entrepreneursdag

As deel van die Gr7's se EBW projek vir kwartaal 3 en 4, het hulle enige mooi of bruikbare items gemaak uit afval- en herwinbare materiaal en onder mekaar verkoop met speelgeld. Van spaarvarkies, tot potplante, hoede en juwele - hierdie leerders loop oor met inisiatief!
















# Gr6TOER is altyd LEKKER!



Op Maandag 14 Augustus het die Gr6-leerders vertrek op die lekkerste toer na Camp Discovery. Van Maadag tot die Vrydag was dit groot pret. Hulle het verskeie lekker en interessante plekke besoek - onder andere die Voortrekkermonument, Gold Reef City, die dieretuin, Transvaalmuseum en die Kgosi Mampuru Gevangenis museum waar hulle vir Johannes ontmoet het en meer geleer het van sy ongelooflike lewensverhaal. Ook was die leerders goed uitgedaag op die hindernesbaan en van kop tot tone bedek met modder - meer as een keer! Graad 6-toere beloof om altyd groot pret te wees. As jy nog moet gaan, kan jy BAIE uitsien daarna. As jy reeds gegaan het, weet ons jy koester die herinneringe vir altyd.

# Hoffies besoek Hospitale

Ons junior Hoffies het by ons hospitale gaan kuier as deel van hulle lenteprojek - hier het hulle handgemaakte kaartjies vol liefde vir pasiënte gaan uitdeel. Dankie aan ons oulike juffrouens vir die lekker uitstappie!














# Honde-Eenheid kom kuier

Dis elke jaar met GROOT opwinding dat ons Gr2 Hoffies, Stilfontein se Honde-Eenheid verwelkom. Hulle kom wys ons hoe ongelooflik intelligent honde is, veral met die uitsnuffel van gevaarlike stowwe en die vang van misdadigers.

Ook het hierdie maats die groot voorreg gehad om twee van die vier honde te mag voel en vryf - hulle was baie vriendelik en het die aandag vreeslik geniet!















# Erfenisdag



# ONS onderwysers het GEES!

Wanneer studente kom kuier by ons Hoffies, is dit tradisie vir ons onderwysers om in goeie gees 'n netbalwedstryd teen hulle te speel. Dis altyd groot pret vir die leerders wat in groot gejuig die onderwysers of studente ondersteun. Tydens die derde kwartaal het die onderwysers trots gestaan om steeds die titel as die FIKSSTE EN FLUKSSTE span te kon behou. Dit was groot pret. So wens ons die studente sterkte toe vir hulle studies vorentoe.










Leerders ondersteun hulle gunsteling span - onderwysers of studente.

# 17 Hoffies in die NOORDWES SKAAKSPAN

Die volgende skaakspelers dring deur na die Suid-Afrikaanse Skaak Kampioenskappe van 15 to 21 Desember in Johannesburg, waar hulle die Dr Kenneth Kaunda skaakstreek gaan verteenwoordig. Baie geluk aan elke speler, julle behaal besonderse plekke!

Dihan speel bord 1 en Jaden speel bord 2 by die 0/14A skaakspan, terwyl daar ook 4 spelers van La Hoff in die span is. Amelie het haarself ook gespeel tot op bord 1 by die O/14B dogters skaakspan, tesame met Willow op bord 2. Caden speel ook trots op bord 2 as deel van die O/8B skaakspan.

Ons is baie trots om te sê dat Laerskool La Hoff 11 seuns spelers het wat deel uitmaak van hierdie spanne, asook 6 dogters spelers - dit is 'n besonderse prestasie aangesien dit die eerste jaar is dat daar dogterspanne is. La Hoff spog met die grootste aantal skaakspelers in ons streek!

Die junior en senior seuns skaakspanne het ook algeheel



**Voor:** Shaylee Havenga, Chanique de Bruyn

**Agter:** Amelie du Plessis, Cassidy Handford, Dailien Jordaan, Willow Delport



**Voor:** Marnus Koorsen, John Jordaan, Caden Williams, Chris Handford, JG Benadé

**Agter:** Wessel Sevenster, Jaden Viljoen, Tristan Cordier, Dihan Ouwencamp

**Afwesig:** Francois Prinsloo, Lian Krugel

# Radikale Redenaars

Hierdie Hoffies het deurgedring na die Noordwes Streeksfinaal van die Radikale Redenaars op 1 September 2018 by Laerskool Proteapark, onderskeidelik in Afrikaans en Engels. Ava en JG het daarna deurgedring na die Nasionale Radikale Redenaars rondte wat plaasvind op 13 Oktober 2018.

*Foto regs:*

*Ava Tannous en JG Benade*

*Foto onder:*

*Voor:* Ava Tannous, Leila Osborne, Caylha Enslin, Amorette Joubert, JG Benade
*Agter:* juffrou Michelle Coetzee (organiseerder), Abigail Wentzel, De 'Niel Roos, Kara Muller van Schalkwyk, juffrou Beatrix de Klerk (organiseerder)






# KOSH KRIEKET

Baie geluk aan die volgende seuns wat gekies is as deel van die KOSH distrikte krieketspan.

## O/11



O/11: Düschaan Trytsman, Inus van Staden, Barry Niemand, Joshua Pieters, Aiden Hurter

## O/12



O/12: Dihan Ouwen-camp, Gerlu Strydom, Wessel Sevenster, Stephan Janse van Rensburg, Decon Loots, Reghardt van Deventer

## O/13



O/13: Hennoh Visser, Deon Viljoen, Barend van Staden, Divan Botha, Dandré Slabbert

# Krieket Liga



O/13A
Krieketspan

*Naaswenners*



O/13B
Krieketspan

*Liga Wenners*



O/10
Krieketspan

*Liga Wenners*

O/11 Krieketspan

*Naaswenners*

# Hokkie

## Eerstespan eindig tweede by Hokkie Aandreeks



Dit was 'n groot en besige kwartaal vir Hokkie met verskeie toernooie en 'n groot liga. Baie geluk aan ons eerste hokkie-span wat algeheel 2de geëindig het by die Schoonspruit Hokkie Aandreeks.

Tydens die Aand-reeks, het ons eerstespan uitstekend gevaar met 3 wedstryde gewen en 2 gelyk op. Dit het hulle in die finale geplaas waar hulle uitgespeel het vir 1ste en 2de plek teen Laerskool Goudkop.

In hierdie finaal, was albei spanne baie goed uitgedaag en het met die blaas van die eindfluit steeds 'n gelyke telling gehad. Daarna het twee rondtes plaasgevind waar elke span 5 doele kon inslaan, maar STEEDS het dit 'n gelyke telling opgelewer. "Sudden Death" was die laaste opsie, maar ook die mees senu-tergende een! Laerskool Goudkop het die eerste doel ingeskiet, waar ons Hoffies steeds trots tweede staan in die O/13 Hokkie Aandreeks. Baie geluk aan elke speler, asook hulle afrigters, juffrou Lizelle en juffrou Karlene.

Hierdie span het ook die Super 8 Hokkie reeks bygewoon in Bethlehem. Hulle het die seisoen goed afgesluit en met hope ervaring teruggekom.

Ons hokkieseisoen het hierdie jaar ook met 'n groot slag afgeskop, waar ons 7 trotse spanne het van verskeie ouderdomme.



Die O/13A en O/13B spanne is elk ingeskryf in die liga waar hulle, hulle staal gewys het teen skole soos KPS, Saamtrek, Lichtenburg, Burgersdorp, Curro, en Noordvaal.

Ons junior spanne het ook aan verskeie toer-nooie deelgeneem waar hulle begin om hulle vaardighede te ontwikkel en die spel te leer ken.



Die junior hokkiespan spog ook met SPLINTERNUWE doelwagter toerusting. Ons Hoffies waardeer dit baie en is opgewonde oor die rigting waarheen ons hokkie gaan!



# Super 8 Tennis WENNERS

Op 17 en 18 Augustus het Mieke, Rachélle, Stephan en Barend, Laerskool La Hoff verteenwoordig by die jaarlikse Super 8 Tennis, tesame met Laerskole Lichtenburg, Brits, Kroonheuwel, Goudkop en Risiville. Hulle het uitstekend gevaar en vir La Hoff die trotse titel huis toe gebring, tesame met verskeie ander oorwinnings in die Enkels en Dubbels.

Mieke behaal eerste plek, en Rachélle tweede plek in die enkels-toernooi, waar hulle ook saam eerste plek behaal het in die dub-belstoernooi. Barend eindig tweede in die enkelstoernooi en ook derde in die dubbelstoernooi saam met Stephan. La Hoff is baie trots op hierdie spelers wat hard werk om so goed te presteer.

Van links: Mieke Muller, Stephan Janse van Rensburg, Barend van Staden, Rachélle Bredenkamp





Met 'n volle 69 wedstryde gespeel in hierdie kwartaal se liga, het hierdie spanne hulle staal gewys. Baie geluk aan die O/9A seuns wat al hulle wedstryde gewen het, asook die O/9B seuns, O/11B seuns, O/11A seuns en O/13A seuns wat net 1 wedstryd die knie gebuig het, maar die res van hulle wedstryde in die sakkie het. Dit is harde werk met baie deursettingsvermoë van die spelers, asook die afrigters - baie dankie vir almal se insette! Julle maak ons trots.

# Trompoppies

Jaydene, Jazmijn, Caitelynne en Juane is gekies as deel van die Noordwes Trompoppie Span 2019. Die volgende trompoppies het ook toekennings ontvang:

- Jaydene: 5 jaar diens aan die sport
- Kiki: Deelname aan Noordwesspan 2018 asook 5 jaar diens aan die sport
- Liezl: Deelname aan Noordwesspan 2018 en 5 jaar diens aan die sport
- Carmen: Deelname aan Noordwesspan 2018
- Thabang: Deelname aand Noordwesspan 2018







# Hoffies na SA Landloop





La Hoff spog trots met 16 atlete wat opgeneem is in die Noordwes Landloopspan nadat hulle deelgeneem het aan die provinsiale kampioenskappe. Hier het Michaela en PC beide 'n silwer medalje ontvang in hulle ouderdomsgroepe. Hierdie groep "lang-asem" atlete het daarna die Noordwes provinsie verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Landloop Kampioenskappe, op 8 September in Port Elizabeth.

*Foto Bo:*

*Voor*: Lian Krugel, Wian Harmzen, Mnushke Smith, JC Mostert, Divan Pullen
*Middel*: Janie van Deventer, PC Maritz, Gerlu Strydom, Jaydon Olivier, Michaela Thomsen, mnr Sakkie van Antwerp (afrigter)
*Agter*: Rumé Vermaark, Dané Maritz, Minke Vermaak, Tristan Demoser, Marizelle Erasmus, Michael Thomsen









